# BScAgric Veekunde (02133411)

| | |
|---|---|
| **Duur van studie** | 4 jaar |
| **Totale krediete** | 561 |

## Toelatingsvereistes

• Ten einde te kan registreer moet NSS/IEB/Cambridge-kandidate voldoen aan die minimum vereistes vir graadstudie asook aan die minimum vereistes van die betrokke program.

• Lewensoriëntering word uitgesluit by die berekening van die Toelatingspuntteling (TPT).

• Graad 11-uitslae word gebruik vir die voorlopige toelating van voornemende studente. Finale toelating is gebaseer op Graad 12-uitslae.

| Minimum vereistes | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Prestasievlak | | | | | | | | | | | | |
| Afrikaans of Engels | | | | Wiskunde | | | | Fisiese Wetenskap | | | | TPT |
| NSC/IEB | HIGCSE | AS-Level | A-Level | NSC/IEB | HIGCSE | AS-Level | A-Level | NSC/IEB | HIGCSE | AS-Level | A-Level | |
| 5 | 3 | C | C | 5 | 3 | C | C | 5 | 3 | C | C | 30 |

Kandidate wat nie aan die minimum toelatingsvereistes voldoen nie kan oorweeg word vir toelating tot die BSc (Verlengde program) op grond van die uitslag van die NBT. Let asseblief daarop dat studente wat in die BSc (Verlengde program) geplaas word minstens vyf jaar sal neem om die BScAgric-program te voltooi.

**BSc – Verlengde program vir die Biologiese en Landbouwetenskappe:**

| Minimum vereistes | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Prestasievlak | | | | | | | | | | | | | |
| | Afrikaans of Engels | | | | Wiskunde | | | | Fisiese Wetenskap | | | | TPT |
| | NSC/IEB | HIGCSE | AS-Level | A-Level | NSC/IEB | HIGCSE | AS-Level | A-Level | NSC/IEB | HIGCSE | AS-Level | A-Level | |
| BSc – Verlengde program vir die Biologiese en Landbou-wetenskappe | 4 | 3 | D | D | 4 | 3 | D | D | 4 | 3 | D | D | 24 |

## Ander programspesifieke inligting

**Samestelling van leergang**
Keusemodules word geneem in oorleg met die departementshoof wat moet toesien dat dit by die vaste rooster inpas.

Die Dekaan kan in buitengewone gevalle, op aanbeveling van ’n departementshoof, toestemming verleen dat ’n ander module(s) as dié in die leergange genoem, aangebied of erken mag word.

## Bevordering tot volgende studiejaar

'n Student word tot die volgende studiejaar bevorder mits hy of sy 100 van die vereiste krediete wat in 'n studiejaar voorgeskryf word, slaag tensy die Dekaan op aanbeveling van die departementshoof anders besluit. 'n Student wat nie aan die vereistes vir bevordering tot die volgende studiejaar voldoen nie, behou krediete vir die modules waarin hy of sy geslaag het, en mag deur die Dekaan, op aanbeveling van die departementshoof, tot hoogstens 48 krediete van die modules van die volgende studiejaar toegelaat word, mits dit by die vaste rooster inpas.

## Slaag met lof

Die BScAgric-graad word met lof toegeken indien die student 'n geweegde gemiddelde van minstens 75% in die modules van die hoofvakke in die derde en vierde jaar, en verder ’n geweegde gemiddelde van minstens 65% in die ander modules van die derde en vierde studiejaar behaal het.

# Kurrikulum: Jaar 1

**Minimum krediete: 140**

**Minimum krediete:**

Fundamenteel = 12

Kern = 128

**Addisionele inligting:**

Studente wat nie kwalifiseer vir AIM 102 nie, moet vir AIM 111 en AIM 121 registreer.

## Fundamentele modules

Akademiese oriëntasie 102 (UPO 102) - Krediete: 0.00
Akademiese inligtingbestuur 111 (AIM 111) - Krediete: 4.00
Akademiese inligtingbestuur 121 (AIM 121) - Krediete: 4.00
Language and study skills 110 (LST 110) - Krediete: 6.00
Akademiese-inligtingsbestuur 102 (AIM 102) - Krediete: 6.00

## Kernmodules

Algemene chemie 117 (CMY 117) - Krediete: 16.00
Inleiding tot mikrobiologie 161 (MBY 161) - Krediete: 8.00
Fisika vir Biologiese studente 131 (PHY 131) - Krediete: 16.00
Wiskunde 134 (WTW 134) - Krediete: 16.00
Plantbiologie 161 (BOT 161) - Krediete: 8.00
Diereverskeidenheid 161 (ZEN 161) - Krediete: 8.00
Inleidende genetika 161 (GTS 161) - Krediete: 8.00
Biometrie 120 (BME 120) - Krediete: 16.00
Molekulêre en selbiologie 111 (MLB 111) - Krediete: 16.00
Algemene chemie 127 (CMY 127) - Krediete: 16.00

# Kurrikulum: Jaar 2

**Minimum krediete: 156**

**Minimum krediete:**

Kern = 156

## Kernmodules

Volhoubare gewasproduksie en agroklimatologie 251 (PPK 251) - Krediete: 15.00
Diereanatomie en -fisiologie 200 (DAF 200) - Krediete: 32.00
Veekunde 250 (VKU 250) - Krediete: 8.00
Inleiding tot proteïne en ensieme 251 (BCM 251) - Krediete: 12.00
Koolhidraatmetabolisme 252 (BCM 252) - Krediete: 12.00
Molekulêre genetika 251 (GTS 251) - Krediete: 12.00
Veekundige ekologie 260 (VKU 260) - Krediete: 8.00
Genetiese diversiteit en evolusie 261 (GTS 261) - Krediete: 12.00
Lipied-en Stikstofmetabolisme 261 (BCM 261) - Krediete: 12.00
Biochemiese beginsels van voeding en toksikologie 262 (BCM 262) - Krediete: 12.00
Inleidende grondkunde 250 (GKD 250) - Krediete: 12.00

# Kurrikulum: Jaar 3

**Minimum krediete: 154**

**Minimum krediete:**

Kern = 154

## Kernmodules

Reproduksieleer 310 (RPL 310) - Krediete: 8.00
Aangeplante weiding en voergewasse 320 (WDE 320) - Krediete: 12.00
Dierefisiologie 311 (DFS 311) - Krediete: 10.00
Voedingkunde 301 (VGE 301) - Krediete: 28.00
Inleiding tot landbou-ekonomie 210 (LEK 210) - Krediete: 12.00
Groeifisiologie 320 (DFS 320) - Krediete: 12.00
Reproduksieleer 320 (RPL 320) - Krediete: 10.00
Biometrie 210 (BME 210) - Krediete: 24.00
Telingsleer 320 (TLR 320) - Krediete: 12.00
Beginsels van veldbestuur 310 (WDE 310) - Krediete: 12.00

# Kurrikulum: Finale jaar

**Minimum krediete: 148**

**Minimum krediete:**

Kern = 148

## Kernmodules

Wildkunde 420 (WKE 420) - Krediete: 8.00
Kleinveevoeding en -produksie 420 (KVK 420) - Krediete: 18.00
Vleis- en suiwelkunde 420 (VSX 420) - Krediete: 8.00
Navorsingsmetodologie 400 (VKU 400) - Krediete: 16.00
Grootveevoeding en -produksie 420 (GVK 420) - Krediete: 18.00
Toegepaste telingsleer 420 (TLR 420) - Krediete: 12.00
Veekundige farmakologie 411 (VKF 411) - Krediete: 8.00
Pluimveevoeding en -produksie 420 (PVK 420) - Krediete: 18.00
Telingsleer 411 (TLR 411) - Krediete: 12.00
Monogastriese voeding en produksie 411 (VGE 411) - Krediete: 16.00

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word.. Die Algemene Regulasies (G Regulasies) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertroud met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die Algemene Reëls sal wees. Onkunde betrefffende hierdie regulasies en reels sal nie as 'n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.